



SOLIDARITEIT
NAVORSINGSINSTITUUT

BELASTINGBLITSVERSLAG

IN SA BETAAL

3,4

**MILJOEN
MENSE**

91,8%

**VAN
ALLE
INKOMSTEBELASTING!**



Inhoud

Opgawe van Figure	3
Opgawe van Tabelle	3
Inleiding	4
Werklike belastinglas	4
Metodologie.....	4
Persoonlike belastinglas.....	5
Lae inkomste	5
Gemiddelde inkomste	5
Hoë inkomste	6
Ander belastings	7
Vergelykend	8
Werkloosheid	8
Belastingstruktuur.....	9
Gemiddelde belasting.....	11
Metodologie.....	11
Solidariteit	11
Solidariteit Beweging	12
Impak van beoogde wetgewing.....	13
Metodologie.....	13
NGV.....	14
Maatskaplike Sekerheidsfonds.....	16
Gekombineerd.....	18
Aanbevelings	20
Gevolgtrekking.....	20
Mosie	21
Bibliografie.....	22

Opgawe van Figure

Figuur 1 - Belasting as % van BBP	8
Figuur 2 - Werkloosheid – IAO-definisie	9
Figuur 3 - Verspreiding van per capita-inkomste verkry uit die arbeidsmark	9
Figuur 4 - Verspreiding van inkomste per desiel.....	10
Figuur 5 - Solidariteit-lede se inkomste en belasting per jaar.....	12
Figuur 6 - Beweging-lede se inkomste en belasting per jaar	13
Figuur 7 - Styging in gemiddelde belasting – NGV	15
Figuur 8 - Styging in gemiddelde belasting met Maatskaplike Sekerheidsfonds	17
Figuur 9 - Styging in gemiddelde belasting met MSF en NGV	19

Opgawe van Tabele

Tabel 1 - Persoonlike belastinglas Desiel 3	5
Tabel 2 - Persoonlike belastinglas Desiel 9	6
Tabel 3 - Persoonlike belastinglas Desiel 10	7
Tabel 4 - Ander belastings.....	8
Tabel 5 - Belastingbetalers per belastingkategorie	10
Tabel 6 - Kumulatiewe belastingbydrae van individue	11
Tabel 7 - Inkomsteverdeling van Solidariteit-lede volgens belastingkategorie	12
Tabel 8 - Inkomsteverdeling van Beweging-lede volgens belastingkategorie	13

Inleiding

Suid-Afrika is 'n land van teenstrydighede. Te midde van ongekeerde armoede is daar enorme hoeveelhede belasting wat uit die samelewing onttrek word; te midde van rekordvlakke van werkloosheid is daar 'n deel wat uiters produktief werk en belasting betaal; te midde van 'n begrotingstekort van amper 15% is daar planne vir universele inkomstetoelae en universele gesondheidsorg.

Alhoewel Suid-Afrika 'n bevolking van ongeveer 60 miljoen het, is daar besonder min belastingbetalers en besonder baie ontvangers van maatskaplike toelae.

Hierdie teenstrydighede is nie volhoubaar nie en dit vind uiting in toenemende frustrasie vanaf belastingbetalers asook belastingontvangers. Hierdie verslag fokus op die belastingbetalers aangesien hulle die ruggraat van enige land vorm.

Die verslag poog om die eenvoudige vraag te beantwoord: hoeveel belasting betaal ons werklik? So ook word daar gekyk na die impak van voorgenome wetgewing en groenskryfte op die belastingbetaler.

Werklike belastinglas

Metodologie

Vir die doel van hierdie bespreking word Statistieke SA se verdeling van die samelewing in tien gelyke dele, genoem desiele, gebruik. Omdat die onderste twee desiele in absolute armoede leef (United Nations Development Programme, 2020) is besluit om hulle vir ons doeleindes buite rekening te laat. As verteenwoordigers van arm, middelklas en ryk is besluit om Statistieke SA se uitgawe-verdeling vir desiele 3, 9 en 10 te gebruik. Hierdie uitgawe-verdeling word gebruik om die maandelikse verbruikersprysinflasiekoers te bepaal. Die werklike toedrag van armoede en ongelykheid word geïllustreer deur die feit dat iemand aan die bopunt van die agtste desiel, ryker as 80% van die bevolking, slegs R3 861 per maand verdien. Hoewel so 'n persoon relatief tot die res van die samelewing ryk is, is hy steeds vrygestel van inkomstebelasting (South African Revenue Service, 2021). Salarisskattings vir elke desiel is verkry uit navorsing deur die Southern Africa Labour and Development Research Unit (SALDRU).¹ Enigiemand wat meer as R49 447 per maand verdien, is deel van die rykste 1%, of ongeveer 610 000 mense, in Suid-Afrika.

Wat voedsel betref, is heelwat daarvan van belasting vrygestel. Daarom veronderstel ons dat tweederdes van desiel 3 se kos vrygestel sal wees van belasting en 'n derde van desiele 9 en 10 s'n. Vir alkohol en tabak gebruik ons die staat se teikenkoerse van 40% op tabak, 36% op sterk drank, 23% op bier en 11% op wyn. Vir desiel 3 skat ons die effektiewe koers op 20%, oftewel 'n bietjie tabak en goedkoop wyn, en vir die ander twee is die skatting 30%, met die aanname dat hulle duurder sterk drank en tabakprodukte sou verkies.

Vir vervoer het ons aangeneem dat desiel 3 vrygestelde openbare vervoer sal gebruik, maar vir die ryker groepe is die effektiewe brandstofbelasting van 40% gebruik. Die totale belasting op voertuie is in die omgewing van 42%, afhangend van die waarde en of die voertuig hier gemonteer is. Vir behuising is aangeneem dat desiele 3 en 9 nie hereregte sal betaal nie of vrygestel is daarvan, maar dat desiel 10 hereregte van R100 000 oor 'n twintigjaartermyn afbetaal. Vir alle ander kategorieë, behalwe onderrig en gesondheid wat vrygestel is, is die BTW-koers van 15% gebruik.

¹ <https://www.saldru.uct.ac.za/income-comparison-tool/>

Persoonlike belastinglas

Lae inkomste

Desiel 3	Netto	R640,00		
	Netto	R640,00		
Groep	%	Bedrag	Belastingkoers	Belastingsbedrag
Kos en nie-alkoholiese drank	38,7%	R247,49	0,05	R12,37
Alkohol en tabak	4,2%	R26,62	0,2	R5,32
Klere en skoene	7,7%	R49,47	0,15	R7,42
Behuising en dienste	25,3%	R161,73	0	R0,00
Huisinhoud, toerusting en instandhouding	2,8%	R17,86	0,15	R2,68
Gesondheid	0,6%	R3,78	0	R0,00
Vervoer	2,5%	R16,00	0	R0,00
Kommunikasie	4,7%	R29,89	0,15	R4,48
Ontspanning en kultuur	2,6%	R16,45	0,15	R2,47
Onderrig	0,6%	R3,84	0	R0,00
Restaurante en hotelle	4,0%	R25,34	0,15	R3,80
Ander goedere en dienste	6,5%	R41,54	0,15	R6,23
Totaal				R44,78
<i>Totale belastinglas</i>				<i>R44,78</i>
Effektiewe belastingkoers				7,0%

Tabel 1 - Persoonlike belastinglas Desiel 3

Met 'n bruto maandelikse inkomste van R640 is mense in inkomste-desiel 3 feitlik onder die broodlyn. Soos verwag word, is dit slegs moontlik om uiters basiese behoeftes te vervul met so 'n lae inkomste, derhalwe word die grootste deel van die inkomste aan kos (38,67%) en behuising (25,27%) bestee.

Uiteindelik, weens BTW en ander belastings, gaan die gemiddelde persoon in desiel 3 'n effektiewe belastingkoers van ongeveer 7% hê.

Gemiddelde inkomste

Desiel 9	Bruto	R8 746,00		
	Netto	R8 481,22		
Groep	%	Bedrag	Belastingkoers	Belastingsbedrag
Kos en nie-alkoholiese drank	16,9%	R1 435,02	10,0%	R143,50
Alkohol en tabak	6,9%	R584,36	30,0%	R175,31
Klere en skoene	4,0%	R339,25	15,0%	R50,89
Behuising en dienste	27,7%	R2 348,45	0,0%	R0,00
Huisinhoud, toerusting en instandhouding	3,8%	R320,59	15,0%	R48,09

Gesondheid	0,8%	R64,46	0,0%	R0,00
Vervoer	11,7%	R988,06	40,0%	R395,22
Kommunikasie	2,7%	R224,75	15,0%	R33,71
Ontspanning en kultuur	4,5%	R384,20	15,0%	R57,63
Onderrig	2,9%	R244,26	0,0%	R0,00
Restaurante en hotelle	2,3%	R195,07	15,0%	R29,26
Ander goedere en dienste	16,0%	R1 352,75	15,0%	R202,91
Totaal				R1 136,53
Inkomstebelasting				R264,78
<i>Totale belastinglas</i>				<i>R1 401,31</i>
Effektiewe belastingkoers				16,0%

Tabel 2 - Persoonlike belastinglas Desiel 9

Met 'n gemiddelde maandelikse inkomste van R8 746 is mense in desiel 9 reeds beter af as 80% van die land se mense. Hierdie inkomste is volgens ons belastingkategorieë wel nog aan die absolute onderkant van die spektrum, met 'n groot deel van die inkomste wat kwytskeld is van belasting.

Uiteindelik bestee mense in desiel 9 steeds 'n groot persentasie van hulle inkomste aan verblyf (27,7%) en voedsel (16,9%), maar addisioneel kom 'n groot belastinguitgawe in die vorm van vervoer by. Die feit dat die petrolheffing nou al 40% van brandstof se prys is, impliseer dat mense in hierdie desiel gemiddeld meer belasting aan petrolheffings betaal as aan inkomstebelasting.

Ten spyte van 'n relatiewe lae inkomste volgens hul belastingkategorie, beleef mense in desiel 9 steeds 'n effektiewe belastinglas van 16%.

Dit impliseer dat in 'n tradisionele 8-uur-werksdag, mense in desiel 9 slegs 6 uur en 43 minute lank vir hulle eie inkomste werk. Die ander 1 uur en 17 minute word in werklikheid vir die staat gewerk.

Hoë inkomste

Desiel 10	Bruto	R70 000,00		
	Netto	R50 243,92		
Groep	%	Bedrag	Belastingkoers	Belastingsbedrag
Kos en nie-alkoholiese drank	10,7%	R5 396	10,0%	R539,62
Alkohol en tabak	5,6%	R2 804	30,0%	R841,08
Klere en skoene	2,7%	R1 347	15,0%	R201,98
Behuising en dienste	16,4%	R8 240	0,0%	R0,00
Huisinhoud, toerusting en instandhouding	5,7%	R2 879	15,0%	R431,85
Gesondheid	1,8%	R919	0,0%	R0,00
Vervoer	21,1%	R10 606	40,0%	R4 242,60
Kommunikasie	2,4%	R1 196	15,0%	R179,37
Ontspanning en kultuur	6,3%	R3 185	15,0%	R477,82

Onderrig	3,4%	R1 698	0,0%	R0,00
Restaurante en hotelle	3,5%	R1 774	15,0%	R266,04
Eiendomsbelasting ²	0,0%	R0	0,0%	R0,00
Ander goedere en dienste	20,3%	R10 200	15,0%	R1 529,93
Totaal				R8 710,29
Inkomstebelasting				R21 065,65
<i>Totale belastinglas</i>				<i>R29 775,94</i>
Effektiewe belastingkoers				42,5%

Tabel 3 - Persoonlike belastinglas Desiel 10

Alhoewel 'n persoon met 'n gemiddelde bruto inkomste van R70 000 per maand in die hoogste desiel volgens inkomste val, sal hulle slegs in die tweede hoogste belastingkategorie val (South African Revenue Service, 2021).

Weens Suid-Afrika se progressiewe inkomstebelastingstelsel betaal 'n persoon in hierdie desiel reeds wesenlike bedrae aan inkomstebelasting – tog, tesame met BTW en ander belastings, is die uiteindelijke bedrag wat aan die staat oorbetal word, ongeveer 50% hoër as bloot die inkomstebelastingbedrag.

Uiteindelik is die effektiewe belastinglas van 'n persoon in desiel 10 gemiddeld 42,5%. Dit impliseer dat mense in desiel 10 in 'n normale werkdag van 8 ure slegs 4 ure en 36 minute vir hulleself werk – die ander 3 ure en 24 minute word in werklikheid vir die staat gewerk.

Vir mense wat 08:00 op kantoor is, impliseer dit dat hulle eers teen 11:24 begin om vir hulleself te werk.

Ander belastings

Waar die meeste ander lande hul inkomstestrome tot 'n paar kategorieë beperk, het die Suid-Afrikaanse regering besluit om belasting op elke moontlike wyse uit sy burgers te tap. (Foresight Publications, 2021) (SABC, 2021) (South African Revenue Service, 2021)

Maatskappybelasting	28%
Kapitaalwinsbelasting	18%
Dividendebelasting	20%
Belasting op rente	15%
Oordragkoste op eiendom	3%-13%
Hereregte	20% tot 25%
Belasting op geskenke	20% tot 25%
Oordragkoste op aandele	0,25%
Internasionale vlugbelasting	R190
Belasting op vlugte na buurlande	R100
Vaardigheidsontwikkelingsheffing	1% van salarisstaat
Werkloosheidsversekeringsfonds	2% (gedeel tussen werkgewer en werknemer)
TV-lisensie	R265
Voertuigregistrasiefooie	R216 - R26 316 (gewigafhanklik)

² <https://www.property24.com/for-sale/moreleta-park/pretoria/gauteng/10622/110348111?pld=850465&plt=3>


Verskeie tolheffings	
Verskeie lisensies en permitte	

Tabel 4 - Ander belastinge

Vergelykend

Wanneer Suid-Afrika se totale belastinglas as deel van die BBP met dié van die res van die wêreld vergelyk word, klop slegs Swede ons. Voor daar in 1995 groot beleidshervormings in Swede plaasgevind het, was Swede redelik in lyn met die wêreldgemiddeld. Ná 1995 is die belastingstelsel sowel as die staatsdienssektor geherstruktureer en die Sweedse staat het die primêre diensverskaffer vir baie daarvan geword. Een van hierdie dienste is 'n pensioenstelsel wat mense met 'n goeie lewenstandaard, gekoppel aan hul salarisse, laat aftree, sowel as toelaes en opleidingsprogramme vir werkloos. Hoewel dit alles goed klink, moet in ag geneem word dat Swede se werkloosheidskoers in 1995 maar 8,9% was, dus kon hulle dit bekostig. Sedertdien het werkloosheid nooit weer buite die band van 4,73% en 8,61% beweeg nie.


'n Meer realistiese vergelyking sou met die res van Afrika suid van die Sahara wees, waar die effektiewe belastinglas as deel van die BBP ongeveer 18,6% is teenoor die wêreldgemiddeld van 15,3%. In die VSA, wat op baie vlakke vergelykbaar met Suid-Afrika is omdat dieselfde ekonomiese aktiwiteite daar voorkom, maar op 'n veel groter skaal, is die totale belastinglas maar 10% van die BBP. Suid-Afrika het wel nog baie infrastruktuurontwikkeling om te doen, dus mag so 'n ligte belastinglas dalk nie binnekort haalbaar wees nie.



Figuur 1 - Belasting as % van BBP

Werkloosheid

Volgens die nuutste werkloosheidsyfers deur Statistieke SA het die werkloosheidskoers tot 44,4% gestyg (Statistics South Africa, 2021). Volgens die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO) se definisie wat deur die Wêreldbank gebruik word, is Suid-Afrika se amptelike koers 29,2%. Daarteenoor het die ander lande en streke in die vergelyking hierbo nie een 'n werkloosheidskoers van meer as 8,3% nie. Ons moet ook in ag neem dat werke in die ontwikkelde wêreld oor die algemeen meer betaal, meer waarde toevoeg en meer volhoubaar is. Kortom, in Suid-Afrika dra die kleinste proporsionele werksmag in die wêreld die tweede grootste proporsionele belastinglas ter wêreld.




Figuur 2 - Werkloosheid – IAO-definisie

Belastingstruktuur


Die onderstaande grafieke wys eerstens hoe geld uit die arbeidsmark na persone in die verskillende desieles herlei word, en tweedens hoe die algemene inkomsteverspreiding lyk. Dit is opmerklik dat die boonste vier groepe in die eerste grafiek redelik eenders is, met 'n skerp afname na die onderste ses. Dit is waarskynlik te wyte daaraan dat baie mense in die hoër inkomstegroepe hul geld uit sakebedrywighede en ander metodes verdien en nie noodwendig van die arbeidsmark afhanklik is nie. Daarom is daar 'n enorme verskil tussen inkomste uit die arbeidsmark, soos in die eerste grafiek, teenoor algehele inkomste in die tweede grafiek.

Figuur 3 - Verspreiding van per capita-inkomste verkry uit die arbeidsmark



(Statistics South Africa, 2019)

Figuur 4 - Verspreiding van inkomste per desiel



(Statistics South Africa, 2019)

Uiteindelik skep hierdie abnormale inkomsteverspreiding 'n belastingstruktuur wat totaal onvolhoubaar is, soos wat die onderstaande tabel aandui.

Taxable bracket	Registered individuals		Taxable income		Income tax payable before relief		Income tax relief after proposals		Income tax payable after proposals	
	R thousand	Number %	R billion	%	R billion	%	R billion	%	R billion	%
RO - R80 ¹		7 183 913 -	256.2	-	-	-	-	-	-	-
R80 - R150		1 855 292 26.7	211.1	8.6	15.7	3.0	-1.3	9.4	14.5	2.8
R150 - R250		1 691 889 24.3	329.3	13.4	29.5	5.6	-1.8	13.4	27.7	5.4
R250 - R350		1 283 954 18.4	378.4	15.4	54.5	10.3	-2.3	16.8	52.2	10.1
R350 - R500		981 993 14.1	409.1	16.6	76.6	14.5	-2.6	19.5	74.0	14.3
R500 - R750		612 177 8.8	369.1	15.0	88.4	16.7	-2.4	18.1	86.0	16.7
R750 - R1 000		262 643 3.8	226.2	9.2	65.1	12.3	-1.3	10.0	63.8	12.4
R1 000 - R1 500		159 127 2.3	191.1	7.8	61.9	11.7	-0.8	6.1	61.0	11.8
R1 500 +		113 192 1.6	346.3	14.1	137.7	26.0	-0.9	6.6	136.8	26.5
Total		6 960 267 100.0	2 460.7 100.0		529.4 100.0		-13.4 100.0		516.0 100.0	
Grand total		14 144 180	2 716.8		529.4		-13.4		516.0	

1. Registered individuals with taxable income below the income-tax threshold

Source: National Treasury

Tabel 5 - Belastingbetalers per belastingkategorie

(National Treasury, 2021)

Belastingkategorie R'000	Kumulatiewe Individue	Kumulatiewe Belastingbydrae
R1 500 +	113 192	26,5%
R1 000 - R1 500	272 319	38,3%
R750 - R1 000	534 962	50,7%
R500 - R750	1 147 139	67,4%
R350 - R500	2 129 132	81,7%
R250 - R350	3 413 086	91,8%
R150 - R250	5 104 975	97,2%
R80 - R150	6 960 267	100,0%
R0 - R80	14 144 180	100,0%

Tabel 6 - Kumulatiewe belastingbydrae van individue

(National Treasury, 2021)

Soos gesien kan word, sit Suid-Afrika in 'n posisie waar 3,4 miljoen mense 91,8% van alle inkomstebelasting betaal. Meer kommerwekkend is dat slegs 534 000 mense verantwoordelik is vir die helfte (50,7%) van alle inkomstebelasting, en dat 113 192 mense verantwoordelik is vir meer as 'n kwart (26,5%) van alle inkomstebelasting.

Met 'n bevolking van 60 miljoen mense is dit 'n aanklag teen 'n regering wat totaal misluk het om die belastingbasis te verbreed en dit laat Suid-Afrika uitsonderlik kwesbaar.

Gemiddelde belasting

Metodologie

Weens die noue aard van Suid-Afrika se belastingbasis, met 5,8% van die bevolking wat 91,8% van die belasting betaal, kan die volgende vraag tereg gestel word: Hoeveel belasting betaal elke belastingbetaler? Weens die feit dat Solidariteit 'n Afrikaner- en Afrikaanse vakbond is, is daar spesifiek gefokus op die belastingbydrae van die Solidariteit-lede en Beweging-lede vanuit die groter Afrikaner-kultuurgroep.

Vir hierdie doeleindes is die General Household Survey 2018, 2017 en 2016 van Statistiek Suid-Afrika gebruik om die snypunt te kry tussen mense wat hulle bevolkingsgroep as wit aangee en wat primêr Afrikaans aan huis praat.

As deel van die General Household Survey kan respondente hulle inkomste oor die verloop van 'n jaar rapporteer. Hierdie data is dan met inflasie aangepas ten einde 2021-waardes vir die maandelikse salaris te verkry.

Uiteindelik is hierdie inkomsteverspreiding dan ingedeel volgens belastingkategorieë soos verkry vanaf die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten einde 'n gemiddelde inkomste per belastingkategorie, maar ook 'n gemiddelde inkomstebelasting per belastingkategorie per individu te verkry.

Solidariteit

Solidariteit het ongeveer 200 000 lede. Hierdie lede is oorweldigend werknemers en hulle verdien 'n maandelikse salaris. Solidariteit is hoofsaaklik 'n Afrikaner- en Afrikaanse vakbond, met die meerderheid van die 200 000 lede wat as Afrikaners identifiseer. Ongelukkig is daar nie statistiek volgens kultuurgroepe, soos Afrikaner, beskikbaar nie. Dus word die snypunt tussen mense wat hulle bevolkingsgroep as wit en hulle huistaal as Afrikaans aangee, gebruik as aanduiding vir die groter Afrikaner-groep.


Omdat Solidariteit se lede werknemers is, word die normale Afrikaner-inkomsteverdeling verder verfyn deurdat slegs respondente gebruik is wat aangedui het dat hulle vir 'n salaris, loon of kommissie werk.

Deur die General Household Survey se salarisdata te gebruik ten einde 'n gemiddelde inkomste per belastingkategorie te verkry, en die verspreiding met die beperking op salaris, loon of kommissie te gebruik, blyk dit dat Solidariteit se lede algeheel ongeveer R55,1 miljard per jaar verdien en ongeveer R9,6 miljard aan belasting betaal. Die verspreiding per belastingkategorie vir die Solidariteit Beweging se lede lyk soos volg:

Verslag	Belasbare inkomste per maand							
	R0 - R7275	R7 276 - R18 017	R18 018 - R28 150	R28 151 - R38 958	R38 959 - R51 133	R51 134 - R65 183	R65 184 - R138 050	R138 051+
GHS 2018	10,5%	36,0%	30,2%	5,5%	15,3%	1,6%	0,6%	0,2%
GHS 2017	13,6%	36,6%	29,4%	4,5%	2,4%	11,6%	1,6%	0,3%
GHS 2016	12,1%	41,4%	24,7%	5,7%	1,7%	12,9%	1,1%	0,4%
Gemiddeld	12,1%	38,0%	28,1%	5,2%	6,5%	8,7%	1,1%	0,3%

Tabel 7 - Inkomsteverdeling van Solidariteit-lede volgens belastingkategorie

Figuur 5 - Solidariteit-lede se inkomste en belasting per jaar



Solidariteit Beweging

Solidariteit vorm deel van die groter Solidariteit Beweging wat onder andere AfriForum, Helpende Hand en ander lede-instellings insluit. Die Solidariteit Beweging is hoofsaaklik 'n Afrikaner-beweging waarvan die meerderheid lede as Afrikaners identifiseer. Ongelukkig is daar nie spesifieke statistiek vir Afrikaners nie, dus word die snypunt van mense wat hulle bevolkingsgroep as wit en hulle huistaal as Afrikaans aangee, gebruik ten einde 'n aanduiding te gee van die groter Afrikaner-kultuurgroep.

Die Beweging se algehele ledetal word op ongeveer 500 000 geskat wat oor die instellings versprei is, met die oorweldigende meerderheid lede wat maandeliks 'n inkomste as werknemer of as werkgewer verdien. Tog is daar 'n breër spektrum van inkomstes verteenwoordig, derhalwe word die syfer vir inkomste per maand gebruik sonder die beperking op salaris as bron van inkomste.


Gevolgtik behoort die inkomsteverspreiding van die Solidariteit Beweging se lede die inkomsteverspreiding van Afrikaners soos verkry uit die General Household Survey 2016 – 2018 redelik getrou na te volg.

Deur die General Household Survey se salarisdata te gebruik ten einde 'n gemiddelde inkomste per belastingkategorie te verkry, en die verspreiding soos voorheen verwerk te gebruik, blyk dit dat die Solidariteit Beweging se lede algeheel ongeveer R140,3 miljard per jaar verdien en ongeveer R25 miljard aan belasting betaal. Die verspreiding per belastingkategorie vir die Solidariteit Beweging se lede lyk soos volg:

Verslag	Belasbare inkomste per maand							
	R0 - R7275	R7 276 - R18 017	R18 018 - R28 150	R28 151 - R38 958	R38 959 - R51 133	R51 134 - R65 183	R65 184 - R138 050	R138 051+
GHS 2018	12,9%	33,4%	29,0%	5,2%	16,8%	1,5%	1,1%	0,1%
GHS 2017	14,4%	35,7%	27,4%	4,8%	2,6%	13,3%	1,6%	0,3%
GHS 2016	13,3%	39,7%	23,8%	5,5%	2,0%	13,7%	1,7%	0,3%
Gemiddeld	13,5%	36,2%	26,7%	5,2%	7,1%	9,5%	1,5%	0,2%

Tabel 8 - Inkomsteverdeling van Beweging-lede volgens belastingkategorie

Figuur 6 - Beweging-lede se inkomste en belasting per jaar



Impak van beoogde wetgewing

Metodologie

Daar is twee stukke moontlike wetgewing wat 'n direkte impak op die belastinglas van gewone burgers kan hê. Die eerste stuk wetgewing is die Wetsontwerp op Nasionale Gesondheidsversekering en die tweede is die groenskrif vir die omvattende hervorming van maatskaplike sekerheid en affrede, oftewel die Maatskaplike Sekerheidsfonds.

Albei hierdie stukke voorgestelde wetgewing se moontlike impak per belastingkategorie vir Beweging-lede is in berekening gebring. Die gemiddelde inkomste per belastingkategorie is verkry vanuit berekenings wat aan die hand van die algemene huishoudingsopname (2016 – 2018) gedoen is.

Hierdie waardes is met inflasie aangepas sodat alles 2021-waardes behoort te wees, en die 2021-belastingkategorieë is dan gebruik om die belasting te bepaal.

Ten einde die moontlike belastingimpak van die beoogde wetgewing te bepaal, is die nodige of voorgestelde aanpassings aan die belastingkategorieë gemaak en die gemiddelde belasting per belastingkategorie uitgewerk met die betrokke belastingaanpassings.

NGV

Die Nasionale Gesondheidsversekering is die ANC-regering se poging om universele gesondheidsorg in Suid-Afrika te vestig met 'n enkelbefondsingsmodel, geskoei op die Kanadese gesondheidsorgmodel. Om universele gesondheidsorg te lewer met die staat as alleenaankoper van alle mediese dienste is 'n enorme onderneming wat reusagtige hulpbronne verg.

Die Solidariteit Navorsingsinstituut het onlangs navorsing onderneem om 'n kosteraming vir die implementering van die Nasionale Gesondheidsversekering te doen. Konserwatief geskat, sal dit ongeveer R112 miljard ekstra by die jaarlikse begroting voeg. (du Buisson, 2021)

Ten einde hierdie skema te befonds is daar verskeie voorstelle gemaak – die een wat oorweeg word in hierdie impakstudie is 'n 5,5%-betaalstaatbelasting (du Buisson, 2021), soortgelyk aan die Werkloosheidsversekeringsfonds. Dit is al herhaaldelik genoem as voorkeuropsie vir die NGV se befondsing.


Belastingaanpassings is gemaak om 'n 5,5%-betaalstaatbelasting in te reken ten einde die maandelike impak van die NGV op die gemiddelde Afrikaner se inkomste en belasting per jaar te toon per belastingkategorie.

Die impak van die NGV se belastingvereistes is verreikend, met 'n gemiddelde toename in belasting van 36%. Dit verbloem egter die werklike stand, met die laer belastingkategorieë wat aansienlik harder getref gaan word.

Indien die 5,5%-betaalstaatbelasting ingestel word om die NGV te befonds, gaan individue wat tussen R7 276 en R18 017 per maand verdien, 'n verdubbeling (105,4%) in belasting beleef. Mense wat tussen R7 276 en R28 150 per maand verdien, gaan gemiddeld 71,5% meer belasting betaal, terwyl mense wat tussen R7 276 en R51 133 per maand verdien, gemiddeld 49,3% meer belasting gaan betaal.

Dit impliseer dat 3 uit elke 4 Afrikaners (75,2%) 'n gemiddelde belastingverhoging van amper 50% gaan beleef indien die NGV geïmplementeer word.

Figuur 7 - Styging in gemiddelde belasting – NGV



Maatskaplike Sekerheidsfonds

Die groenskrif rakende die instelling van 'n Nasionale Maatskaplike Sekerheidsfonds is op Woensdag 18 Augustus 2021 in die *Staatskoerant* gepubliseer.

Die groenskrif is op 31 Augustus 2021 deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onttrek, maar die minister het dit duidelik gemaak dat dit nie die einde van die plan is nie. Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het dit in 'n verklaring duidelik gestel dat die groenskrif bloot onttrek is om 'n paar dinge duideliker te maak en dat die groenskrif weer uitgereik gaan word sodra daar meer duidelikheid is.³

Tot tyd en wyl die nuwe groenskrif dus gepubliseer word, word die aanvanklike teks wat in die *Staatskoerant* gepubliseer is, gebruik.

Dit was 'n ambisieuse groenskrif wat beoog om 'n verpligte pensioen vir elke landsburger in te stel, asook 'n universele inkomste-toelae.

Suid-Afrika se nuutste werkloosheidsyfers wys dat daar in die tweede kwartaal van 2021 ongeveer 11,1 miljoen mense werkloos was of opgehou het om werk te soek, teenoor 14,9 miljoen mense wat werk het. (Statistics South Africa, 2021) Tesame met die belastingstruktuur impliseer dit dat die befondsing van 'n Nasionale Maatskaplike Sekerheidsfonds volledig op 'n klein aantal belastingbetalers gaan val.

Om die verpligte pensioen van die Maatskaplike Sekerheidsfonds te befonds, is 'n betaalstaatbelasting van tussen 8% en 12% voorgestel, met 'n maksimum jaarlikse bydrae per individu van tussen R22 080 (R1 840 pm) en R33 120 (R2 760 pm). (Department of Social Development, 2021) Individue wat onder R20 000 per jaar verdien, sal vrygestel wees van hierdie bydrae. Ten einde 'n gemiddelde verhoging te kry is 'n 10%-betaalstaatbelasting as belastingaanpassing vir die impak van die groenskrif bygevoeg.

Belastingaanpassings is gemaak om 'n 10%-betaalstaatbelasting in te reken, met 'n boonste perk van R27 600 per jaar en 'n aanpassing van 10 persentasiepunte aan belastingkategorieë ten einde die maontlike impak van die Maatskaplike Sekerheidsfonds op die gemiddelde Afrikaner se inkomste en belasting per jaar te toon per belastingkategorie.


Die impak van die Maatskaplike Sekerheidsfonds is vernietigend, met 'n gemiddelde toename in belasting van 85,7%. Soos met die NGV gaan die belastinglas aansienlik meer gevoel word deur die laer belastingkategorieë.

Met die voorgenome belastingaanpassings gaan individue wat tussen R7 276 en R18 017 per maand verdien, 'n ongelooflike 265,4%-verhoging in belasting beleef. Mense wat tussen R7 276 en R28 150 per maand verdien, gaan gemiddeld 133% meer belasting betaal, terwyl mense wat tussen R7 276 en R51 133 per maand verdien, gemiddeld 111,5% meer belasting gaan betaal.

Dit impliseer dat 3 uit elke 4 Afrikaners (75,2%) 'n verdubbeling in inkomstebelasting gaan beleef indien die Maatskaplike Sekerheidsfonds soos in die groenskrif vervat, geïmplementeer word.

³ <https://www.dsd.gov.za/index.php/latest-news/21-latest-news/392-department-of-social-development-withdraws-the-green-paper-on-comprehensive-social-security-and-retirement-reforms>

Figuur 8 - Styging in gemiddelde belasting met Maatskaplike Sekerheidsfonds



Gekombineerd

Die steurendste verwikkeling is dat albei hierdie stukke beoogde wetgewing terselfdertyd op verskillende vlakke in die proses van beleidbepaling is. Veral die groenskrif, wat aanvoer dat die universele toelae met die hulp van die SA Inkomstediens en bestaande infrastruktuur binne maande ingestel kan word (Department of Social Development, 2021), impliseer dat die twee stukke wetgewing moontlik saam 'n impak op belasting kan hê.

Alhoewel die groenskrif intussen deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling onttrek is, is dit duidelik gestel dat die stuk wetgewing net bietjie duideliker uiteengesit gaan word en dat dit dan weer gepubliseer gaan word. Dus word die bestaande groenskrif se inhoud gebruik totdat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling die gewysigde groenskrif publiseer.

Omdat die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling dit duidelik gemaak het dat die wetgewing weer gepubliseer gaan word, is dit steeds belangrik om 'n moontlike belastingscenario te skets waar albei stukke wetgewing tegelykertyd van krag sou wees.


Ten einde 'n belastingscenario te skets waar albei stukke wetgewing moontlik gelyktydig in die fiskus inbeweeg, is belastingaanpassings gemaak om 'n 10%-betaalstaatbelasting met 'n boonste perk van R27 600 per jaar in te reken. 'n Aanpassing van 10 persentasiepunte aan belastingkategorieë en 'n addisionele betaalstaatbelasting van 5,5% is ook bygereken ten einde die impak op die gemiddelde Afrikaner se inkomste en belasting per jaar te toon.

Dit is duidelik dat die impak van hierdie beleidstukke die einde van persoonlike welvaart in Suid-Afrika beteken. Indien die twee stukke beleid deurgevoer sou word, kyk burgers gemiddeld na 'n verdubbeling in belasting (113,2%).

Met die voorgenome belastingaanpassings vir sowel die NGV as die MSF gaan individue wat tussen R7 276 en R18 017 per maand verdien, vier keer (338,1% verhoging) meer belasting betaal as tans. Mense wat tussen R7 276 en R28 150 per maand verdien, gaan gemiddeld 254,8% meer belasting betaal, terwyl mense wat tussen R7 276 en R51 133 per maand verdien, amper drie keer meer belasting gaan betaal as tans (180,6% verhoging).

Dit impliseer dat 3 uit elke 4 Afrikaners (75,2%) 'n verdriedubbeling in inkomstebelasting gaan beleef indien die Maatskaplike Sekerheidsfonds soos in die groenskrif vervat en die NGV gelyktydig geïmplementeer word.

Figuur 9 - Styging in gemiddelde belasting met MSF en NGV



Aanbevelings

Gevolgtrekking

Suid-Afrikaanse burgers se belastinglas is enorm en uitsonderlik hoog – die land se verhouding van belasting tot BBP is tweede in die wêreld, net naas Swede. In ruil vir hierdie enorme belastinglas kry burgers feitlik niks terug nie – nie eers wet en orde, wat 'n basiese funksie van 'n staat is, kan gehandhaaf word nie.

Nie tevrede met die huidige stand van staatsbesteding nie, poog die ANC-regering nou om twee stukke beleid deur te voer wat inkomstebelasting vir die gemiddelde Afrikaner kan verdriedubbel.

Gegewe die ANC-regering se rekord van korrupsie en wanbesteding is dit amper 'n feit dat hierdie verhoogde belasting uiteindelik in amptenare se sakke gaan beland eerder as by die projekte waarvoor dit aangewend moet word.

Die tyd het dus aangebreek om daadwerklik te soek na maniere om die belastinglas op burgers en spesifiek op Solidariteit-lede te verminder ten einde so min belasting as moontlik aan die regering oor te betaal. Fondse moet losgemaak word ten einde die vervallende staat se pligte te kan oorneem deur gemeenskapsorganisasies soos Solidariteit.

Mosie

Bekamping van belastingplundering, bevegting van belastingverhogings en besnoeiing van belastingbetalings

Solidariteit neem kennis dat –

- (a) die belastinglas op gewone burgers van Suid-Afrika ongelooflik hoog is in wêreldterme;
- (b) die regering geensins sy kant van die tradisionele sosiale kontrak nakom nie;
- (c) daar algemene aanvaarding is dat belasting geplunder word onder die ANC-regering;
- (d) daar nuwe beleid in die wetmaakproses gevoeg is deur die ANC-regering wat die belastinglas op burgers weselik gaan verhoog.

Solidariteit is van mening dat –

- (a) die belastinglas op burgers onaanvaarbaar hoog is, veral gegewe die manier waarop die regering die staatskas bestuur;
- (b) die regering misluk om selfs basiese staatsdienste te lewer ten spyte van die ongelooflik hoë belastinglas wat hy op burgers plaas;
- (c) belastingplunderaars skotvry rondloop ten spyte van bewyse en getuienis in die openbare domein wat op van die ergste vergrype dui;
- (d) enige wetgewing wat die belastinglas op burgers verhoog, immoreel is gegewe die ANC-regering se rekord van korrupsie en wanbesteding.

Dus besluit Solidariteit soos volg:

Solidariteit moet onmiddellik begin met wettige belastingprotes wat onder andere die volgende insluit:

- (a) Solidariteit se regsafdeling moet kyk na litigasie teen wetgewing en beleid wat die belastinglas van gewone burgers sal verhoog.
- (b) Solidariteit se kommunikasie-afdeling moet seker maak dat die publiek bewus gemaak en gehou word van die belastinglas wat Suid-Afrikaanse burgers moet dra.
- (c) Internasionale bondgenote moet gekontak word ten einde die situasie rakende belasting sonder 'n funksionele regering wat tans in Suid-Afrika heers, internasionaal te laat weerklink.
- (d) Daar moet druk op die regering geplaas word deur alle moontlike bronne ten einde belastingplunderaars te vervolg tot die volle strekking van die wet.
- (e) 'n Belastingtaakspan moet saamgestel word ten einde opsies te ondersoek om Solidariteit-lede se belastinglas te verminder, en die taakspan moet aan die Hoofraad verslag doen.

Bibliografie

- Department of Social Development. (2021). *GREEN PAPER ON COMPREHENSIVE SOCIAL SECURITY AND RETIREMENT REFORM*. Pretoria: Government Printing Works.
- du Buisson, T. (2021). *Die Ware Koste van die NGV*. Pretoria: Solidariteit Navorsingsinstituut. Herwin van https://solidariteit.co.za/wp-content/uploads/2021/08/2021-06-17_AFR_The-True-Cost-of-NHI.pdf
- Foresight Publications. (2021, 08 26). *Gauteng Motor Vehicle License Fees*. Herwin van Foresight Publications: <http://www.foresightpublications.co.za/MVlicGaut.html>
- National Treasury. (2021). *Budget Review 2021*. Pretoria: National Treasury. Herwin van <http://www.treasury.gov.za/documents/National%20Budget/2021/review/FullBR.pdf>
- SABC. (2021, 08 26). Herwin van TV Licences: <https://www.tvlic.co.za/tvlic/>
- South African Revenue Service. (2021, 08 26). *South African Revenue Service*. Herwin van Rates of Tax for Individuals: <https://www.sars.gov.za/tax-rates/income-tax/rates-of-tax-for-individuals/>
- South African Revenue Service. (2021, 08 26). *South African Revenue Service*. Herwin van Budget Tax Guide 2021: <https://www.sars.gov.za/wp-content/uploads/Docs/Budget/2021/Budget-Tax-Guide-2021.pdf>
- Statistics South Africa. (2019). *Inequality Trends in South Africa*. Pretoria: Statistics South Africa. Herwin van <http://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-10-19/Report-03-10-192017.pdf>
- Statistics South Africa. (2021). *Quarterly Labour Force Survey Quarter 2:2021*. Pretoria: Statistics South Africa. Herwin van <http://www.statssa.gov.za/publications/P0211/P02112ndQuarter2021.pdf>
- United Nations Development Programme. (2020). *Human Development Report*. Geneve: United Nations. Herwin van <http://report.hdr.undp.org/index.html>